Hennopshoekie Naskool

Su-Lize Smit
Tel: 072 111 1312
admin@hennopshoekie.org

Blackwoodstraat 249
Hennopspark
0157

Geagte Ouers

Hiermee word u en u kind hartlik verwelkom by Hennopshoekie naskoolsentrum. Dankie vir die vertroue wat u in my en my personeel stel om u kind in ons sorg te laat. Wees verseker dat ons alles in ons vermoë sal doen om vir u kind 'n veilige, aangename dog gedissiplineerde naskool tuiste te skep. Indien u enige probleme of vrae het moet asseblief nie huiwer om dit met my te kom bespreek nie.

Die naskool bied 'n gebalanseerde middagete, bestaande uit protein, stysel, twee groentes en koeldrank, ouderdomsgepaste aktiwiteite bv skeur en plak, legkaarte of kleispeel en genoeg speeltyd onder toesig aan. Ons het ook 'n dame wat twee maal per week na die naskool kom om deur middel van spel te werk aan u kind se groot motoriese-, fyn motoriese- en kreatiewe ontwikkeling. Leerders word ook na en van buitemuurse aktiwiteite by Laerskool Hennopspark geneem. Daar is ook 8 van Laerskool Hennopspark se assistente werksaam by Hennopshoekie naskool, dus ken hulle elke maatjie en sy omstandighede. Die assistente vergesel ook u kind vanaf Laerskool Hennopspark na die naskool.

Reëls vir die naskoolsentrum.

a. Tye:

- Die naskool is gedurende skoolkwartale elke middag oop vanaf 13:00 tot 17:30
- Gedurende skoolvakansies sal die naskool oop wees vanaf 07:00 tot 17:30.
- Die naskool sal wel in die Desembervakansie gesluit wees.
- Die naskool sal gesluit wees op Openbare vakansiedae en skoolvakansiedae wat deel vorm van openbare vakansiedae soos deur die Gauteng Departement van onderwys bepaal op jaarlikse basis.

b. **Betalingsooreenkoms en voorwaardes:**

- 'n Inskrywingstarief/ Ontwikkelingsfooi van R400.00 per leerder, is jaarliks betaalbaar tydens registrasie, of herregistrasie van u kind (eenmalig en nie terugbetaalbaar). Dit word nie van die somtotaal van die naskoolfooie afgetrek nie.
- Naskoolfooie: R 950.00 per maand. Gelde is vir twaalf maande vooruitbetaalbaar en moet voor of op die derde dag van elke maand betaal word.

- Geen kontant word aanvaar nie en gelde moet asb direk in Hennopshoekie se rekening inbetaal word.
- Geen afslag word gegee in geval van siekte, vakansie of gedeelte van ‘n maand nie.
- Indien u kind die naskool verlaat moet ek ‘n kalendermaand vooruit skriftelik in kennis gestel word, anders is u aanspreeklik vir die volle maand se fooi.
- Let asseblief op dat November nie as ‘n kennismaand aanvaar word nie.
- Alle leerders, insluitend graad 7 se gelde is vir 12 maande betaalbaar.
- Gedurende skoolvakansies word daar soms in- en uitstappies gereël waarvoor u as ouer self moet betaal.
- Die ouers/voogde is verantwoordelik vir die betaling van naskoolgelde en onderneem om die gelde stiptelik te betaal op die grondslag soos ooreengekom
- Ouers is, ongeag hulle huwelikstaat, gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die betaling van naskoolfooie. Die ouers onderneem om stiptelik te betaal op die grondslag soos ooreengekom. Indien die ouer wat verantwoordelikheid neem vir die betaling van naskoolfooie in terme van hierdie ooreenkoms, sou weier en/ of versuim om sodanige fooie te betaal, sal die ander ouer/voog van die leerder aanspreeklik word vir betaling van sodanige fondse en sal alle bepalings met betrekking tot hierdie ooreenkoms ingeslyks op sodanige ouer van toepassing raak.
- Ek, Su- lize Smit behou die reg voor om enige kind toegang te weier indien gelde nie betaal word nie.
- Indien u aan ‘n invorderaar/ prokureur oorhandig word vir onbetaalde fooie sal u aanspreeklik gehou word vir alle onkostes daarvoor aangegaan.
- Gelde kan in die volgende rekening in betaal word. Stuur asb ‘n bewys van betaling aan ons.

Naam: Hennopshoekie Naskool
Bank: FNB
Takkode: 250655
Rekening tipe: Tjekrekening
Rekening nommer: 62531787557

c. Program vir naskool leerders:

13:00- 13:15	Afhaal van graad R leerders by die skool. Handewas en Register
13:30- 14:00	Middagete
14:00- 14:30	Vryspel/Aktiwiteite
14:30- 15:30	Tannie Joan kom doen speel-aktiwiteite met graad R kinders(Maandae, Woensdae)
15:30	Opruim en handewas
15:30- 15:45	Vrugte/ verversings
15:45- 17:00	Vryspeel onder toesig.
17:00- 17:30	DVD- KYK/Vryspel
17:30	Naskool sluit, wees asb betyds!!

d. Boodskappe:

- Stel asseblief die naskool vroegtydig in kennis indien u kind die betrokke dag nie by die naskool gaan wees nie, u kan dit per sms, whatsapp of e-pos doen.
- Indien daar enige boodskappe vanaf die naskool se kant af is sal dit per e-pos aan u gekommunikeer word.
- Indien u kind ‘n aktiwiteit aan het, wat nie op die buitemuurs lys aangeteken is nie, moet die personeel reeds die vorige dag in kennis gestel word. Geen kind mag sonder toestemming net wegbly van die naskool af nie. Kennisname moet per e-pos, whatsapp of sms aan skool gestuur word.
- Indien die naskool nie per e-pos, sms of whatsapp in kennis gestel is van buitemuurse aktiwiteite nie, sal u kind nie na die betrokke aktiwiteit geneem word nie.

e. Register

- ‘n Register moet daagliks deur die ouer/ persoon wat die leerder kom afhaal geteken word. Die tyd, wanneer die leerder afgehaal is, moet ook aangedui word.
- Indien iemand anders as die ouer die leerder kom haal, moet die naskool asb skriftelik, per e-pos of per sms in kennis gestel word.

f. Beserings en medikasie:

- Die naskool mag geen medikasie aan leerders gee, behalwe Savlon om wonde skoon te maak en pleisters nie.
- Indien u kind allergies is vir bysteke en spesiale inspuitings of pilletjies moet gebruik, moet die naskool skriftelik in kennis gestel word en medikasie moet asb in ‘n gemerkte sakkie of houer aan die skool gestuur word.
- Indien u kind enige medikasie moet kry, moet dit asb duidelik gemerk wees. Ouers moet asb ‘n skriftelike briefie saam stuur waarop die naam van die medikasie, die naam van u kind en die tyd en hoeveelheid wat gegee moet word aangedui is.
- Indien u kind siek is sal u gekontak word.

g. Benodigdhede:

- 1 pak”wetwipes” per kwartaal. (handig in by naskool)
- 2x bokse tisseus per kwartaal. (handig in by naskool)
- ‘n Stel skoon klere in leerder se rugsak.
- Sonskerm en ‘n sonhoed/pet vir warm somermaande.
- Leerders moet te alle tye ‘n ponjo/ klein reenjassie in sy/haar rugsak hê.
- ‘n Plastieksak waarin vuil klere gebere kan word.
- ‘n Paar ligte skoene/plakkies om aan te trek vir die loop na die naskool.

h. Vakansietye:

- Vakansietye voorsien die naskool die leerders van mieliepap vir ontbyt (tussen 8:00 en 8:30). Indien u kind na 8:30 naskool toe kom, moet hy/sy tuis ontbyt eet.
- ‘n Kospakkie vir verversingtyd om 10:00 moet asb saam met u kind naskool toe gestuur word. Lekkernye word toegelaat. Gesonde verversings, sap en water word verkies.
- Volle middagete word bedien aan leerders wat tot 14:00 of later by die naskool is.
- Om 15:30 word vrugte/broodjies bedien.

- U kind mag in vakansietye ‘n speeding naskool toe bring, maar let asseblief op dat dit op eie risiko gebeur en dat die naskool geen verantwoordelikheid sal aanvaar vir gebreekte/ gesteelde speelgoed nie.

i. Navrae:

- Navrae kan gerig word aan Me Su-lize Smit
  Sel: 072 111 1312

j. Gedragskode:

Leerders moet:

- Te alle tye gehoorsaam wees
- Geen vuil of growwe taal gebruik nie.
- Leerders mag speelgoed saam bring vir speeltyd, maar die naskool aanvaar geen verantwoordelikheid vir gesteelde of gebreekte goedere nie.
- Geen elektroniese speelgoed word toegelaat nie
- Dadelik na skool aantree op die gegewe plek waar naskool personeel hulle kry.
- Slegs een leerder mag op ‘n slag die kleedkamers gebruik.
- ‘n Lys van buitemuurse aktiwiteite by die skool inhandig
- Toesien dat al hulle persoonlike besittings in ‘n tas of sak toegerits word. Alles moet gemerk wees.

Ons glo en vertrou dat u en u kind baie gelukkig by Hennopshoekie sal wees. Ons sien uit daarna om met u kind te werk.

Vul asb die meegaande vorm in en stuur so spoedig as moontlik naskool toe.

Byvoorbaat dankie
Su- lize Smit

1. Besonderhede van kind of kinders:

Van: _____

Volle name (kind 1): _____ Graad:_____

(kind 2): _____ Graad:_____

Noemnaam (Kind 1): _____Geslag:_____

Noemnaam (Kind 2): _____Geslag:_____

Geboortedatum(Kind 1): _____ID:_____

Geboortedatum(Kind 1): _____ID:_____

Datum waarop u kind by Hennopshoekie begin: _____

2.**Besonderhede van ouer/ voog:**

	Vader/ voog	Moeder/ voog
Van en Noemnaam		
Huwelikstatus		
Beroep		
ID nommer		
Huisadres		
Kontaknommers: Huis: Werk: Sel: E-pos adres:		

3. Kontakbesonderhede van naasbestaande, nie by u woonagtig nie.

Naam en van: _____

Verwantskap:_____

Telefoonnommer: _____Sel: _____

Huisdokter: _____ Tel:_____

Adres:

_____

_____

_____

4. Mediese inligting.

Mediese fonds en nommer:

_____

Allergieë of siektes:

_____

_____

Gebruik u kind enige kroniese medikasie?

Ja_____ Nee_____

Indien ja, verstrek asseblief besonderhede:

_____

_____

Indien u kind na ‘n hospitaal geneem moet word, verstrek asb die volgende inligting:

Naam van Hospitaal:_____

Kontaknommer:_____

Adres van Hospitaal:

_____

_____

_____

(Let asb op dat ons normaalweg u kind na Unitas sal neem omdat dit die naaste is, bg is slegs in gevalle waar u Mediese fonds ‘n hospitaal spesifiseer)

Indien u kind beseer word en u nie opgespoor kan word nie, mag hy/sy deur ‘n plaaslike dokter behandel word?

_____

Naam van Huisdokter:_____

Telefoonnommer: _____

Adres: _____

*Beide ouers/voogde moet asb die vorm teken.

_____ _____

Handtekening ouer/ voog Handtekening ouer/ voog

OOREENKOMS:

Ek_____ die ouer/ voog van _____ gee onvoorwaardelik toestemming dat my kind mag deelneem aan alle aktiwiteite, hetsy van opvoedkundige aard, sport, ontspanning asook in-/ en uitstappies. Indien daar ‘n beletsel is teen enige van die voormelde aktiwiteite sal sodanige ouer die naskool skriftelik in kennis stel.

Alhoewel die Personeel die veiligheid van die leerders te alle tye voorop stel, aanvaar die eienaar, hoof, bestuur, werknemers, tydelike of permanente werknemers of vrywilligers van die naskool geen aanspreeklikheid of verantwoordelikheid hoegenaamd vir enige besering of skade van welke aard ookal en op welke wyse veroorsaak, hetsy nalatig of andersins, wat deur enige persoon of leerder gely word nie.

Indien die leerder om enige rede hoegenaamd vervoer moet word deur middel van ‘n motorvoertuig, hetsy in geval van nood of tenaansien van uitstappie of andersins, gee die ouer hiermee toestemming dat die leerder aldus vervoer mag word.

Indien omstandighede dit vereis, gee ek as ouer of voog toestemming dat bogenoemde geneesheer of naaste dokter ontbied kan word

Ek aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van my kind en dat ek verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van mediese- en/of hospitaalrekeninge, indien van toepassing.

Ek aanvaar die gedragskode en reels van die naskool.

Ek sal maandeliks vooruit die fooie van die naskoolsentrum betaal voor of op die derde dag van elke maand.

Ek onderneem om die hoof van die naskool skriftelik, een kalendermaand vooruit kennis te gee indien my/ons kind/ers die naskool gaan verlaat, andersins is ek verantwoordelik vir die betaling van die kennismaandfooi.

Ek onderneem om elke dag my kind/ers nie later as 17:30 af te haal.
Ons _____, ouers/voogde van _____(volle naam en van, van leerder)ID-NOMMER(Leerder)_____ gee toestemming dat ons kind aan bogenoemde aktiwiteite mag deelneem en aanvaar bogenoemde voorwaardes.
Handtekening van Vader/voog: _____
Handtekening van Moeder/voog: _____